AMELIA GENIS agenis@landbou.com







**HOOFFOTO:** Waar kanola reg in 'n boerdery gehanteer word, kan dit sy plek as 'n volwaardige wisselbougewas volstaan én 'n goeie kontantinkomste lewer.

**REGS BO:** Die kanola ontkiem en groei vanjaar baie ongelyk. Waar plante in sommige lande pas begin opkom het, begin blomme reeds in ander lande vorm.

**REGS ONDER:** Tot dusver vestig die kanola goed tussen die koringstoppels deur en is daar nog nie groot probleme met slakke nie.

# Maak só met kanola in Swartland

Die boer wat die afgelope twee jaar die hoogste opbrengs in die Swartland-kanolakompetisie behaal het, se geheim is om kanola as 'n volwaardige vertakking van sy boerdery te hanteer en te sorg dat groeitoestande so gunstig moontlik is.

**KORTOM**

- Dié boere plant kanola hoofsaaklik om 'n kontantinkomste daaruit te kry.
- Kanola word altyd in wisselbou met ander gewasse – in hierdie stadium koring en medics – verbou.

Die eerste week in Julie is nog te vroeg om 'n oordeel oor gesaaides in die Swartland se hoëreënvalgebied te vel, maar mnr. AJ Louw, wat saam met sy broer in die vennootskap Tweekuil Plase buite Malmesbury boer, meen hulle gaan vanjaar dalk nie weer die goeie opbrengste van die vorige twee jaar behaal nie.

"Ek het gemik vir 'n mooi opbrengs, maar my waarneming is dat ons nie verlede jaar se oes gaan afhaal nie. Die kanola is baie ongelyk. Daar is plante wat nou ontkiem en plante wat al blom. Die kanola blom 'n maand te vroeg, maar dis omdat hy swaargekry het. Enige plant wat swaargekry het, wil klaarmaak."


Tweekuil Plase se graanafdeling was die afgelope twee jaar die wenner van die kanolakompetisie wat jaarliks in die Swartland onder die vaandel van die Proteïennavorsingstigting aangebied word. Sy opbrengs van 2,46 t/ha en bruto wins van R6 996/ha was die hoogste. Die doeltreffendheid waarmee hy water (reën) gebruik het, was 6,56 kg kanola per millimeter reën.

Hoewel kanola 'n nuttige kontant inkomste inbring, sal die Louws dit altyd in wisselbou met ander gewasse – in hierdie stadium koring en medics – verbou. Hulle plant elke jaar sowat 'n derde van hul 1 000 ha bewerkbare grond met kanola. Om te voorkom dat siekteprobleme, soos swartstam, ontwikkel, plant hulle kanola nooit korter as een keer in vier jaar nie. Wat die ander gewasse betref, is opeenvolging in hul wisselboustelsel buigbaar. Louw klim oestyd self in die stroper om belangrike waarnemings te maak en te besluit watter gewas die volgende jaar die beste op daardie land gaan werk. "Ek stroop self. Dit gaan vir my oor waarneming. Die stroper het wel opbrengsmonitors, maar as ek November klaar gestroop het, weet ek presies wat ek volgende jaar op elke land gaan doen."

## BASIESE GOED

Hulle plant kanola hoofsaaklik om 'n kontantinkomste daaruit te kry, maar sal nooit nét kanola plant nie. En al lyk omstandighede vanjaar dalk nie so goed nie, bestuur hulle die kanola steeds na die beste van hul vermoë. Vogtoestande en die potensiaal van die kanola sal in die volgende paar weke bepaal of hy verder geld gaan bestee om kopbemestings toe te dien en of dit meer werd sal wees om troppe van hul Dohne-Merinokudde in te jaag om dit te bewei.

Volgens Louw probeer hulle om



Mnr. AJ Louw meen hulle gaan nie vanjaar weer die goeie kanola-opbrengs van die vorige twee jaar behaal nie.

die basiese dinge reg te doen. Hulle laat grondontledings elke jaar doen, maar net elke twee jaar op enige spesifieke land. Aan die hand van dié ontledings stel hulle die grond reg en dien hulle bemesting toe. Hulle is gesteld daarop omdat hul pa altyd gesê het jy moet iets terugsit om iets uit te kry.

'n Mens kan sekerlik Louw se welslae met kanola ook toeskryf aan die feit dat hy reeds meer as 20 jaar ondervinding in die verbouing daarvan het. Sy eerste kanola was 15 ha wat hy in 1991 gevestig het.

Hy sê hulle het van die begin af betreklik hoë opbrengste van 2 t/ha met konvensionele kultivars behaal. Toe begin hulle raaigrasprobleme kry, maar die eerste triasienbestande kultivars wat hulle geplant het, het hulle baie aan opbrengs laat inboet. "Daar was jare wat ons net 0,9 t/ha afgehaal het. As jy toe 1,5 t/ha gemiddeld geoes het, was jy baie opgewonde."

Volgens hom het die kultivars sedertdien baie verbeter en meen hy ook dat hulle die kanola nou beter bestuur. Hulle kyk gewoonlik na die kultivarproewe elke jaar op die navorsingsplase Langgewens en Tygerhoek om te besluit watter kultivars om die volgende jaar te plant. Hulle het in 2010 vir die eerste keer die baster Jardeeh gevestig en oorweeg ook om in die toekoms Hyola 555TT te plant.

Aangesien hul gemiddelde jaarlikse reënval 450 mm tot 550 mm per jaar is en hulle die meeste daarvan in die winter kry, is dreinering een van hul groot probleme.

In die beginjare is hulle wysgemaak dat kanola 'n groot behoefte aan stikstof het en het hulle 120 kg/ha tot 140 kg/ha toegedien. Louw sê hy het op 100 kg stikstof per hektaar opgehou omdat hy gesien het hy kry nie eintlik 'n groter opbrengs met meer stikstof nie. Deesdae dien hulle in 'n goeie jaar 80 kg stikstof per jaar toe en in 'n swakker jaar selfs 'n bietjie minder. Hulle begin gewoonlik met 20 kg stikstof met planttyd en dan, na gelang van die potensiaal van die kanola op die land, nóg twee kopbemestings van 60 kg stikstof.

Die kanolajaar van hul wisselboustelsel bied 'n geleentheid om grasonkruide te bestry en na gelang van die kanolakultivar spuit hulle ná opkoms konvensionele grasdoders, soos Aramo (reg.nr. L7717) of Select (reg.nr. L6343), of 'n triasienmiddel as hulle 'n TT-kultivar geplant het. Hulle sit die spoorelemente molibdeen en boor by en spuit dit gewoonlik met 'n vliegtuig as die kanola goudgeel is.

Hoewel hul probleem met slakke nog nie so groot soos dié van baie boere in die suidelike deel van die Wes-Kaap is nie, het hulle vanjaar kontrakteurs gekry om slakpille met motorfietse uit te strooi. Hulle oorweeg dit om 'n fynsaadkassie op hul planters te installeer om slakgif voorkomend met planttyd toe te dien.

## WISSELBOU

In hul wisselboustelsel word medics opgevolg deur 'n jaar koring en 'n jaar kanola en dan weer koring of medics, na gelang van die onkruiddruk. Hulle sleep gewoonlik in die droë maande die lande met vragmotorbande om onkruidontkieming te stimuleer. Die stygende brandstofkoste kan egter dié praktyk se einde beteken, maar hulle weet nog nie wat anders hulle kan doen nie. Voor hulle koring plant, sleep hulle ook die medicslande waar die stoppels te dig is.

Vandat hulle 'n driebalkplanter saam met hul tweebalkplanter gebruik, kry hulle beter stoppelvloei met planttyd. Hulle meen elke gewas het 'n sekere tyd wat dit in die grond moet kom. In die geval van kanola wil hulle dit net ná Paasnaweek vestig.

Hoewel die reën-, vog- en temperatuurtoestande vanjaar tot dusver danig ongunstig was, weet hulle nie of hulle die ongelyke ontkieming van die kanola ook moet toeskryf aan die feit dat hulle vanjaar groot veranderinge aan hul planter aangebring het en dalk nie op die regte diepte geplant het nie. Hoewel kanolasaad amper op die grond uitgestrooi moet word, lyk dit asof die sade wat vanjaar per ongeluk te diep geplant is, dalk beter vaar omdat hulle by die ondergrondse vog kon uitkom.

## SPUIT, DAN OES

As die kanola oestyd se kant toe staan, sny hulle dit nie meer plat nie. Hulle het verlede jaar net meer as 300 ha kanola geplant en vanjaar 480 ha. As 'n mens so baie kanola het, is dit nie maklik om alles betyds plat te sny sonder om verliese te ly nie. "Van die tyd wat jy begin sny het tot jy klaar is, is daar reeds verliese."

Om dié rede spuit hulle nou die kanola stuk vir stuk met 'n skroeimiddel uit die vliegtuig dood en oes dit ná sewe dae. "Dit verseker dat ons die oesproses kan beplan. Omdat ons kan besluit hoeveel hektare ons op 'n dag kan oes, kan ons die bespuitings daarvolgens beplan."

Verlede jaar het dit so gewerk dat hulle elke derde dag 100 ha kanola kon doodspuit en oes. As die wind egter sterk is, kan dit nie gedoen word nie en moet trekkerspuite ingespan word. Dit kan vertrapping veroorsaak as die trekker nie op die spoor loop nie."

Teen die tyd dat hulle die kanola oes, is dit droog. Hulle probeer om op 'n voginhoud van sowat 12% te oes. **LBW**

**KOSTE**

### KANOLASOMME KLOP

**Van die 14 boere wat aan verlede jaar se kanolakompetisie vir die Swartland deelgeneem het, het mnr. AJ Louw sy kanola teen die laagste saaidigtheid van 2,8 kg/ha geplant. Hy het nietemin die hoogste opbrengs van 2,46 t/ha behaal op die 58,49 hektaar wat hy vir die kompetisie ingeskryf het.**

**Hy het die kultivar Jardee geplant en die 80 kg stikstof wat hy in drie sarsies oor die groeityd toegedien het, was van die laagste van die groep deelnemers.**

**Benewens die hoë opbrengs, kon hy die koste onder R4 000/ha hou en 'n wins ná gespesifiseerde koste van bykans R7 000/ha behaal.**

**Sy kanola se ru-proteïeninhoud was 20,35% en die olie-inhoud 44,3%. Dit is in albei gevalle hoër as die gemiddelde vir die groep.**

**Dit lyk asof die sade wat vanjaar per ongeluk te diep geplant is, dalk beter vaar omdat hulle by die ondergrondse vog kon uitkom.**